

Skriflesing: Johannes 20: 19 -31

Teks: **Johannes 20: 28 – 29**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 91:1, 8

TYDENS EREDIENS: Ps. 146:1,8; Ps. 25: 2,3; Ps. 31:1, 5; Ps. 90: 8, 9

Johannes 20: 19 -31

Joh 20:19 Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"

Joh 20:20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

Joh 20:21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

Joh 20:22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees!"

Joh 20:23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Joh 20:24 Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie.

Joh 20:25 Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!" Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

Joh 20:26 Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!"

Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig."

Joh 20:28 En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!"

Joh 20:29 Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."

Joh 20:30 Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen.

Joh 20:31 Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

Skriflesing: Johannes 20: 19 -31

Teks: **Johannes 20: 28 – 29**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 91:1, 8

TYDENS EREDIENS: Ps. 146:1,8; Ps. 25: 2,3; Ps. 31:1, 5; Ps. 90: 8, 9

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit is nou 'n week later. Die Sondag van die opstanding het Jesus in die laatnag sy vyfde en laaste verskyning spesifiek daardie Sondag gemaak. Die 10 dissipels was daar, die aantal vroue was ook in die bo-vertrek, in dieselfde donker ure het die Emmaus-gangers hulle weer na Jerusalem terug gehaas met die nuus wat daardie Sondag-middag met hulle gebeur het. Almal in vrees en afwagting in die bo-vertrek bymekaar en skielik was Jesus ook in hulle midde. Al was daardie bokamer se deur dig gesluit kon dit Jesus nie uthou nie. Ons het verlede Sondag Jesus se besondere woord aan hulle gehoor- *Vrede vir julle ...*

Daar kon nou vrede wees, vrede met God want Jesus het die prys betaal. Hoe belangrik is dit nie dit wat Jesus die Sondag van sy opstanding sy naaste volgelinge toegesê het nie. Ons het wou wys op hoe belangrik dit is dat vrede 'n diep innerlike betekenis dra. As God ons vrede kan skenk daar waar hart en gevoelens, daar waar die gedagtes en die emosies so gelade kan wees,

dat dit hier binnekant jou voel dat hier is eintlik geen vrede in my nie. Dis asof daar aanmekaar kortsluitings binne my is wat my lewe uitmekaarruk. Dan het die vrede wat Christus daardie nag sy mense wou toesê nog nie jou deel geword nie. Ons het verlede Sondag ook kon afsluit met twee baie belangrike dinge wat ook die eerste Sondag van die opstanding die laatnag gebeur het. Jesus het iets baie belangrik gesê en Hy het iets baie belangrik gedoen.

Jesus het gepraat van hoe belangrik dit is dat ons mekaar moet kan vergewe. Vers 23 is van groot betekenis ook as ek en jy by die vrede wil uitkom wat God ons wil skenk dan moet ons kan doen wat vers 23 van ons vra: *As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.* Die werklike vrede kan alleen daar wees as ek nie haat teenoor ander mense rondra nie. As ek werklik al kon vergewe dan sal daar so 'n wonderlike stuk vrede jou lewe inneem.

Ek weet dan ook die oordeel kom my nie toe nie. As daar geoordeel moet word dan sal God oordeel. Op God se manier, op God se dag. Laat ons net sorg dat die seer en onvrede wat ander al in jou lewe jou aangedoen het nie jou in besit neem nie, want dan gaan God jou ook nie vergewe nie. Dit is sekerlik die grootste onvrede wat daar kan wees as iemand beseft God wil my nie vergewe nie omdat ek nog nie by vergiffenis teenoor iemand anders uitgekom het nie.

Die tweede wat ook daardie laat Sondag gebeur het, was duidelik in die teken van wat ons in hierdie tyd moet vier. Pinkster waar dit gaan om die uitstorting van die Heilige Gees. 10 dae na hemelvaart weet ons was dit Pinkster. Verlede Sondag was inderdaad Pinkstersondag waar die Heilige Gees in sy volle mate en heerlijkheid oor die wêreld uitgestort was. Mense het dit gesien, God se mense was op een plek bymekaar (vgl. Hand 2) en skielik gebeur drie baie groot dinge. Eerste was die geweldige stormwind, die tweede is mense sien vuur maar dit is vuur wat nie seermaak en verbrand nie. *Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het* (Hand 2:3). Dan kom daar iets van Genesis 11 weer op die aarde neer, maar nie in die baie negatiewe konteks van Genesis 11 nie. In Genesis 11 by die bou van die toring van Babel het God die mense in verskillende tale laat praat dat die mens verward moet word. Dat hulle in die grootste bouwerk sou vashaak want hulle sou mekaar nie kon verstaan om met die bouwerk voort te gaan nie. God het die mens by die toring van Babel gestop toe die mens al

so groot van homself/haarself begin dink het dat hulle 'n toring kan bou wat die punt die hemele moet kan intrek. Die mens wou wys hy/sy kan ook groot en soos God wees. Dit waarby die mens nooit by sal uitkom nie, al dink baie mense vandag nog ons kan dit doen. Die wêreld se toring bouery gebeur op geestelike gebied steeds op baie wyses. Daar is aangrypende vordering daarmee, ja laat ons mekaar vir 'n oomblik herinner aan die getal van die mens uit Openbaring 666, wat wys hoe naby die mens sal kom aan die getal wat net eie aan God is nl. 777.

Tog sal die torings wat die wêreld bou nooit standhou nie, ja al wat op hierdie aarde ewig is, is God se Woord. God se Woord as Hy ons daaruit vrede skenk maar uit dieselfde Woord kom God ook die twyfelaar en selfs die ongelowige tegemoet. Want was die dissipel Thomas met die vyfde verskyning nie teenwoordig nie het God hom die volgende Sondag met sy teenwoordigheid en sy Woord wou tegemoetkom. Weer in die bovertrek maar nou is hy wat alleen weet waar hy die vorige Sondag was, wel in die bovertrek saam met die ander 10. Hy wat alles behalwe die vrede in homself ervaar het wat Jesus die vorige dag die ander dissipels toegesê het.

Al was Thomas nooit een van die prominente dissipels van die Here nie, wil die Here hom beslis ook nie aan homself oorlaat nie. As God 'n kind van Hom aan homself/haarself oorlaat dan neem ellende oor en dit kan ons weet dat die Here wil nie dat ellende op ellende ons daaglik teister nie. Thomas na wie daar ook verwys word as Didimus, was moontlik een van 'n tweeling want die woord Didimus beteken *tweeling*. As hy een van 'n tweeling was, is dit onbekend wie en waar die ander een ooit was, maar waar Thomas ook die eerste week na Jesus se opstanding was, is ook hartverskeurend. Soos 'n eenling wil ons aanvaar het hy na Jesus se kruis maar in die strate van Jerusalem rondgedwaal. Twyfelend, soekend, alleen!

Ons weet die ander dissipels het wel mondelings vir Thomas ingelig dat hulle wel al die eerste opstanding Sondag die Here gesien het, maar Thomas se antwoord was baie skerp want sy twyfel was so diep ingegrawe - Hy wat gesê het- *As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.*" So dikwels het hy baie pessimisties op gebeure en sake gereageer. Vroeër in Joh. 11 vers 16 dan slaan hierdie fatalisme ook sterk deur want as Jesus op die punt was om te gaan na Hy

gehoor het Lasarus is dood dan was Thomas se amper venynige antwoord- *Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe.* Nie lank hierna nie was Thomas ook die Een toe Jesus na Homself as die Weg verwys het en dat hulle as dissipels die weg moet ken dan sê Thomas ... *Here ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?* Tog moet ons Thomas baie dankbaar wees vir sy skeptiese vraag want op hierdie vraag het Jesus die baie duidelik en baie bekende antwoord gegee - *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. 7 As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.*

Ten spyte van Jesus wat Thomas so duidelik kon antwoord is sy twyfel net nog weer skerper ná Jesus se dood. As hy nie kan indring waar die spykers en die kruis Jesus die seerste aan sy liggaam gemaak het nie, dan sê Thomas, sal hy nooit glo nie. Dis darem 'n baie sterk uitdrukking wat hy gebruik het deur te sê ... *ek sal nooit glo nie...* 'n Tipe ongeloof wat van hom besit geneem het wat ons net die Here kan dank dat wanneer ons nie deur sulke ongeloof ingesluk word nie. Dis erger as om deur ongeloof ingesluk te word as wat dit vir Jona was om deur 'n groot vis ingesluk te word, waar Jona dalk heelwat van Thomas se persoonlikheid gehad het, net baie jare vóór Thomas.

Hoe kan ons die Here ooit genoeg dank dat Hy wat God is nie net Sy kinders ken nie, maar Hy ken ook hulle persoonlikhede. Jou persoonlikheid wat groot dele van jou identiteit uitmaak en wat dikwels nie met die geloof strook nie, waar mens nie net teen jou sondige natuur moet bly stry nie, maar ek ook teen my sondige persoonlikheid 'n stryd moet bly voer.

Dis 'n stryd wat ons as mense so stukkend kan maak. Iemand verwys na Thomas in sy oer-pessimisme (JH Bavinck). Die ontugtering in sy lewens was al te groot dat hy by die Sondag van die werklike opstanding dit nie kon en wou glo nie. Golgota was seker die laaste groot ontugtering wat hy wat Thomas was ook moes deur en was dit ná Jesus se dood asof alles verby was. Asof niks weer ooit gaan regkom nie. Die oer-pessimis op sy beste. Hy voel die wêreld waarin hy nog moet lewe is 'n onsinnige wêreld en al wil hy dalk glo dat God wel die wêreld regeer sou hy wou sê dat God se regering is wel een groot raaisel. Hoe baie mense sit nie hierin vasgekeer nie dat hulle voel God laat die goeie telkens maar weer die kwaad en die verwoesting

van die lewe oorrumpel. Alles wat mooi is loop dood en versand in die woestyn van die werklikhede. Geliefdes dis 'n baie slegte gevoel en posisie waarin Thomas se lewe ingeskuif het.

As God iemand nie daarúit haal nie, self sal ons nie dááruit kom nie. As Jesus die sesde keer verskyn en spesifiek met wat rondom Thomas gesê en gebeur het dan word Thomas direk aangespreek. *“Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”* Waar ons voor God moet kan kom staan, moet alles by die geloof begin en moet dit by die geloof eindig. God wil as't ware Thomas se oë oop forseer dat hy uit sy oer-pessimisme en sy stiksienigheid geruk kan word.

Geloof ontstaan in alle geval nooit uit wat ek en jy met ons oë kan sien nie of met jou hande aan kan vat nie. Geloof gebeur alleen in wat God kan doen en in wat God wel weer die tekens daarvan met die Heilige Gees bevestig toe God oor sy dissipels geblaas het en vir hulle gesê het – *Ontvang die Heilige Gees*. Tog wel baie pertinent nadat die Woord eers verkondig was. Die Gees sal nooit die geloof skenk as God se Woord nie daarby is nie. As God nie ook vir ons daartoe in staat stel om die Skrifte te verstaan, soos ons verlede Sondag al dit moes raaksien nie, sal ons wel dalk glo soos Thomas maar dit is nie ware geloof nie. 'n Oer-pessimistiese geloof kan mos nie ware geloof wees nie. Ná Pinkster wat ons verlede Sondag kon vier, hoe groot moet ons besef nie wees wat sou van ons oorgebly het as die Heilige Gees nie oor hierdie wêreld uitgestort was en hoe Jesus eintlik die Gees kon voorafgaan deur die Gees op mense te blaas nie. Net God kan dit doen, wee die mens wat dit God probeer nadoen. Ons kan nie en ons mag nie!

Dadelik besef ons ook hoe vinnig kan dinge verander, ja hoe God dinge kan verander. Thomas het nie 'n oomblik sy hand opgelig om sy vinger in Jesus se diep sere te steek nie. In plaas van wat hy mee gedreig het, het hy die eerste ware belydenis van die vroegste christelike kerk wat na Jesus se opstanding eintlik alles sê en alles saamvat - *My Here en my God* Net hierdie woorde, net hierdie belydenis maar dit sê alles! Die eerste ware geloofswerk wat 'n gelowige moet kan doen, is om God se Naam en God se werke te bely en dit het Thomas gedoen. Ons moet dit ook kan doen.

Jesus praat ook van ons as Hy met Thomas klaarmaak maar sy geloof sal nooit klaar raak nie. Watter troos en watter bemoediging gee die Here vir ons as Hy ons hierin salig spreek. *“Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”* Ons wat nie kon sien en kon meeleeft wat Thomas daardie Sondag kon doen nie, dit by die sesde verskyning ná Jesus se opstanding, ja dit wat ons van weet! Tog mag dit wees dat jou geloof by hierdie eerste belydenis nie sal kan verbygaan nie om ook net te besef wat dit beteken as ek kan sê – *My Here en my God.*

AMEN